# *Groete uit die Sinodehuis*

*20 Julie 2016*

*Kollega,*

*Die kalenderjaar is reeds verby die halfpadmerk, maar die tweede helfte van die werksjaar het hierdie week in alle erns. Hierdie deel van die jaar gaan vir ons dae bring wat al langer word, maar 'n hele paar koue fronte lê waarskynlik nog voor… Dit gaan vir ons 'n nuwe seisoen van groei bring, maar plek-plek gaan swaar ryp dalk die nuwe botsels 'n knou toedien…*

*Dalk was die eerste deel van die jaar vir jou veels te lank en sien jy nie regtig kans vir wat voorlê nie. Dalk kon jy die tweede deel van die jaar afskop met 'n paar dae by 'n bosveldvuur of langs die see en is jou battery weer lekker gelaai.*

*In die kerkjaar is ons tans by Koninkrykstyd en miskien is dit daarom ook goed dat ons nou in die seisoen van ringsittings is. In Oktober is ons as groot familie saam vir die vierjaarlikse sinodesitting. Dalk kan hierdie geleenthede om as geloofsfamilie saam oor ons kerkwees te besin, ons by 'n nuwe opgewondenheid oor die Koninkryk bring. Dalk kan dit ons help om die winter behoorlik af te skud en 'n nuwe seisoen van groei te omhels.*

*Mag jy op 'n besondere manier die Here se nabyheid in hierdie tweede deel van 2016 ervaar. En onthou… by die Sinodehuis wag 'n lekker koppie koffie vir jou en as jy graag wil hê dat die kuier daar by jou moet wees, kontak my gerus.*

*Mooi loop!*

*082 653 5734*
*paul@noordsin.co.za*